

29 September

Skrifgedeelte: Psalm 28

Fokusgedeelte: Psalm 28:2, 6

Van smeekstem tot Godslof

In Psalm 28 verwoord Dawid se gebed die gelowige se ervaringe so aangrypend: *Hoor my smeekstem* (vs. 2). *Aan die Here kom die lof toe, want Hy het my smeekstem gehoor* (vs. 6). Van smeekstem tot Godslof.

Dawid verkeer in doodsbenoudheid. Hy vrees dat hy saam met goddelose, kwaadwillige mense doodgemaak sal word. Hoor God dan nie sy smeekgebed nie? So ervaar ons dit dikwels. Ons moet soms dae ... soms maande ... soms jare ... soms (so ervaar ons dit) vir altyd op die Here se antwoord wag. Dan word ons geestelik soos 'n sterwende.

Dawid is op 16-jarige leeftyd as koning gesalf en eers op 30-jarige leeftyd kon hy die troon bestyg. Koning Saul jaag hom in die woestyn rond. In sy eie land moes hy vlug. Ons ervaar in ons eie lewe so dikwels die eb en vloed, die golweslag van die lewenssee: kwaadwillige, kwetsende woorde teen ons, 'n finansiële krisis, mense wat jou teleurstel of in die rug steek, persoonlike ongeloofswyfel ...

Wat doen Dawid? Hy rig sy smeekgebed na die *binneste van u heiligdom* (vs. 2) – die allerheiligste deel van die tempel waar die verbondsark as simbool van God se teenwoordigheid by sy volk was. Daar pleit en smee hy dat God, sy rots, hom tog moet hoor en hom nie soos 'n sterwende moet laat wees nie. Die Here hoor dan Dawid se smeekgebed, sy smeekstem ... so ervaar hy die gebedsantwoord. En dit bring in sy hart opnuut geloofsvertroue. Dawid jubel: *Aan die Here kom die lof toe, want Hy het my smeekstem gehoor* (vs. 6). Daarom wil hy die HERE prys: *Die HERE is my sterkte en my skild* (my beskermmer wat my beskut) soos 'n vesting van verlossing.

Die HERE swyg nie as sy kind in smeekstem tot Hom nader nie. Hy antwoord op sy tyd en op sy wyse. Die HERE is die *herder* (28:9) wat ons dra in ewigheid. *Ter wille van ons* het God as't ware geswyg toe sy Seun aan die kruis om verlossing gesmeek het. Deur sy opstanding en Gees is die swye verbreek en wek Hy ons elke dag tot nuwe lewe op. Van smeekstem tot Godslof.

*Geloof sy God, Hy het sy oor
geneig en weer my stem gehoor
My sterkte en my hulp is Hy
'n skild my altoos dig naby (Ps. 28:6).*

Sing: Psalm 66:7 (Totius)

Ds. NJ van der Walt (Brits)